

Susan Njeyiyana*

Sedert die totstandkoming van die Kongres van die [Wêreldfederasie van Dowes](#) (WFD) 75 jaar gelede, het Dowes waardevolle inligting versamel en gedeel oor die belangrikheid van gebaretaal en waarom hulle toegelaat moet word om die leiding te neem om [nasionale gebaretaale te ontwikkel en te onderrig](#). Gebaretaal geniet nou in byna 75 lande regoor die wêreld amptelike status. Daar bestaan wêreldwyd meer as 300 gebaretaale.

Om die eerste WFD-kongres te herdenk, is September elke jaar [Internasionale Bewustheidsmaand vir Doofheid](#) en word die [Internasionale Dag vir Gebaretaale](#) (23 September) en die Internasionale Week vir Dowes gedurende die laaste week van September gevier. In 2023 het Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) die [12de amptelike taal van die land](#) geword toe president Cyril Ramaphosa wetgewing in hierdie verband onderteken het. Dit was ook die eerste keer dat die ondertekening van deur baie op nasionale televisie gesien kon word en dit het momentum op sosiale media gekry. As Dowe persoon glo ek dit is 'n belangrike stap vorentoe vir SAGT. Die Dowe gemeenskap moet nou op die implementering van SAGT op alle lewensgebiede fokus en aan die private sektor en staatsdepartemente die regte maniere wys om dienste aan Dowes en hardhorende mense te lewer ten opsigte van toeganklikheid as hulle mensereg.

By 'n onlangse stiltestap in Kaapstad wat deur die Dowe Federasie van Suid-Afrika (DowesSA) in die Wes-Kaap gereël is, het horende mense oorpluisies gekry om in hulle ore te sit om hulle vermoë om te hoor beperk het en agtergrondgeraas uitgesny het sodat hulle 'n Dowe persoon se alledaagse lewe kon ervaar. Dit het die ouers van Dowe kinders, vriende en kollegas in staat gestel om te beseef hoe die wêreld sonder klank voel en om stil en vreedsaam in hulle eie wêreld te voel.

Mense wat kan hoor, verwag dikwels dat Dowes die behoeftes van horende mense moet akkommodeer en daarby moet aanpas en nie andersom nie. Dit gaan egter nie net oor doofheid/gehoorverlies nie, maar ook oor Doof wees met 'n hoofletter **D**. Om Doof te wees beteken 'n persoon behoort aan 'n spesifieke kultuurgroep en gebruik SAGT as primêre taal vir kommunikasie. Om Doof te wees, is net soos om Xhosa, Tsonga of Moslem te wees, en 'n taal te gebruik wat van ander verskil en ons gemeenskap identifiseer. Dit beteken Dowes is deel van die samelewing en die horende publiek moet dus insig in hierdie kulturele minderheid kry.

Daar is byvoorbeeld 'n gebrek aan begrip wanneer dit kom by media-onderhoude met 'n Dowe persoon. Dikwels is die fokus slegs op die tolk of op die gesig van die Dowe persoon met wie die onderhoud gevoer word, terwyl die aanbieder vrae buite die sigveld van die skerm vra. Dit beteken die Dowe gehoor kan nie die tolk sien om te weet wat die aanbieder sê of wat die Dowe persoon met gebaretaal sê terwyl die tolk praat nie. Koerante gebruik op hul beurt dikwels aanstootlike terme soos "gehoorgestremdheid" of "stom".

Ons het fisieke stemme, maar sommige Dowes kies om nie hul stemme te gebruik nie. Dowes is bewus daarvan dat hulle stemme vreemd of anders ervaar word wanneer hulle met horende mense kommunikeer. Ons word gedwing om woorde met ons stemme uit te spreek en ons is dikwels onduidelik omdat ons nie onself kan hoor nie. Ons word egter gespot oor hoe ons klink wanneer ons gedwing word om ons stem te gebruik. Wat is die punt daarvan om te leer praat, om te leer hoe om woorde behoorlik uit te spreek en om te leer luister met behulp van 'n gehoorapparaat? Dit laat ons nie hoor in die sin dat ons nie woorde kan hoor nie. Ons hoor net omgewingsgeluide en leer om te identifiseer wat dit beteken.

Paneellede het by 'n onlangse gesprek wat deur Wits se Sentrum vir Dowe Studie aangebied is oor die implikasies van SAGT as 'n 12de amptelike taal, die belangrikheid van Dowe onderwys en die behoorlike onderrig van SAGT beklemtoon deur voorspraak te doen by en saam met

sakeondernemings en organisasies te werk wat bereid is om Dowe mense se behoefte vir toegang te ondersteun en die nodige finansiële hulp by te dra vir die bevordering en ontwikkeling van SAGT.

Daar moet daarop gewys word dat ons regering reeds in 2006 die Skolewet geïmplementeer het wat voorsiening maak vir SAGT as 'n taal vir onderrig en leer, asook die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring in 2015 en laastens SAGT as 'n skoolvak om 'n Nasionale Senior Sertifikaat met SAGT as eerste taal en/of bykomende tweede taal in 2018.

Hoewel die implementering van hierdie stukke wetgewing prysenswaardig is, is daar steeds baie uitdagings en baie min of geen vordering in Dowe onderwys nie. Dit is te wyte aan leemtes wat nie gevul is nie, byvoorbeeld die gebrek aan opleiding vir onderwysers vir Dowe wat nog nie die meeste pedagogie in SAGT ken nie. Staatsfinansiering vir hierdie opleiding het ook opgedroog. Ons het Dowe onderwysassistente wat die geleentheid gegun moet word om te studeer en opgelei te word om ten volle gekwalifiseerde onderwysers te word omdat hulle die rolmodelle en spesialiste van ons taal is wanneer Dowe kinders in die eerste taal (Doof vir Dowe) onderrig word.

Wanneer onderwysers in skole vir Dowe aangestel word, stel die skool dikwels persone aan wat nie SAGT ken nie en nie 'n kwalifikasie in gebaretaal as taal vir onderrig en leer het nie. Dit is problematies omdat die mense wat onderwysers op grond van ander kwalifikasies aanstel, nie die invloed hiervan op Dowe kinders se opvoedingsreis besef nie.

Daar is ook nie vroeëkindertontwikkeling (VKO) in alle skole vir Dowe nie en geen ondersteuning vir die ouers nie. Onderwysers het ook nie voldoende SAGT-hulpbronne nie. Dit neem tyd en geld om te skep. Gegewe hierdie leemtes in VKO en die grondslagfase, is dit van die uiterste belang om Dowe onderwysassistente in diens te neem wat ten volle gekwalifiseerde onderwysers of horende onderwysers kan word wat SAGT as 'n taal vir onderrig en leer magtig is en wat weet hoe om SAGT te gebruik wanneer 'n Dowe leerder onderrig word, want die belangrikste deel van hierdie leerder se taalverwerwing is SAGT. Eers wanneer die grondslag vir SAGT gevestig is, kan onderwysers 'n eerste gesproke taal, byvoorbeeld Engels of 'n ander taal, afhangende van die skool se beleid, bekendstel.

Baie Dowe kinders wat reeds op hoërskool is, het steeds nie die nodige skryf- en leestaalvaardighede aangeleer nie weens 'n swak of geen taalgrondslag. Hulle presteer beter in SAGT as in geskrewe tale ten spyte van hul doofheid omdat horende onderwysers dink Dowe kinders kan nie die taal hoor om te leer lees en skryf nie. Dowe kinders is egter in staat om die taal soos enige ander kinders aan te leer, maar hulle leer deur ander modaliteite as hul horende maats.

Die primêre fokus van die aanleer van 'n taal moet wees om SAGT eerste bekend te stel sodat 'n sterk grondslag gelê kan word waarop 'n sekondêre taal gebou kan word. Dit sal die kinders in staat stel om beter te presteer soos hulle deur die verskillende stadiums van hul skoolreis beweeg.

Onderwysers moet 'n deeglike kennis van SAGT-linguistiek hê en moet net so vlot in SAGT wees as in ander tale. Hulle moet kennis dra van onderrigmetodologieë vir SAGT wat 'n vereiste in Dowe Onderwys is. Dit is heeltemal anders en daar kan nie aanvaar word dat dit dieselfde is as om horende leerders te onderrig nie – visueel teenoor gehoor. In Dowe onderwys moet onderwysers 'n diepgaande kennis van die pedagogie en reëls van die onderrig van 'n Dowe kind hê en nakom.

Ons moet aanhou veg vir ons taal. Erkenning was slegs die eerste stap, nou begin die harde werk eers. Ons kan duur en lewensveranderende foute vermy as ons dit van die begin af op die regte manier doen. Ek hoop om die positiewe veranderinge te sien wat 'n Dowe generasie sal voortbring wat hul taal en kultuur sal besit deur die leiers in die groei en ontwikkeling van en navorsing oor SAGT te wees.

***Susan Njeyiyana is 'n dowe dosent in die Departement Algemene Taalwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch en doseer Suid-Afrikaanse Gebaretaalverwerwing as addisionele taal vir horende studente.**